

Google Earth

Soos die kraai vlieg

STEFAN WEHMEYER

Assistentdirekteur: Steundienste

'For anyone who has ever dreamed of flying' (New York Times).

O nlangse groot nuus van Google se kant was die beskikbaarstelling van hulle nuwe program, Google Earth. Die program maak baie opspraak, en onder andere, het verskeie regerings al gekla dat sensitiewe installasies nou vir almal te sien is...

Maar wat is hierdie nuwe program wat die wêreld aan die gons het? Basies is dit 'n aardbol wat binne jou rekenaar sit. Jy kan enige plek in die wêreld teiken en dan daarop inzoom. Soos jy naderkom, kom satellietfoto's van die plek op jou skerm en dit is letterlik asof jy die loods van die vliegtuig is. Met behulp van satellietfoto's en ander lugfoto's wat Google bekom het, kan jy nou enige plek in die wêreld waarnaem en dan ook van alle kante, suid, noord, oos - jy kan die aarde ook laat kantel net soos jy lus het.

Dis baie nuttig as jy 'n oorsese reis sou beplan, om vooraf te sien hoe die omgewing lyk en om te sien waar plekke is. Vir die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk en Europa is straatname ook op die foto's vasgelê. 'n Mens kan ook roete aanwysings kry na plekke in hierdie lande. En die heerlikste van alles is dat jy eers jou roete kan vlieg voordat jy dit aardlangs ry of stap.

Eindelose moontlikhede

Volgens Google op die webtuiste *earth.google.com* bied hierdie nuwigheid talle moontlikhede.

- 🌐 Gratis vir persoonlike gebruik.
- 🌐 Gesofistikeerde stroomtegnologie verskaf data oombliklik.
- 🌐 Beelde en driedimensionele data wys die hele aarde en terabytes van satelliet- en lugfoto's wys stede rondom die wêreld in hoë resoluë detail.
- 🌐 Plaaslike soektogte (dis nou as jy in Amerika, Engeland of Europa is) laat jou soek vir hotelle en restaurante.

- 🌐 Resultate wys op in jou driedimensionele 'earth view'. En die prentjie is maklik om met ander te deel en kan binne 'n ommesientjie ge-epos word.
- 🌐 Verskillende lae wys lughawens, sportstadions en ander besienswaardighede.
- 🌐 Deur middel van die Keyhole Markup Language (KML) datauitruilingsformaat kan jy bruikbare annotasies deel en duisende datapunte bekyk wat deur Google kykers geskep is.

PC vereistes

Om Google Earth te kan aflaai, moet jou PC oor sekere konfigurasies beskik.

Die minimum vereistes is ten minste Windows 2000 en 'n Pentium 3 met 'n netwerkspoed van 128 kbps. Die aanbevole vereistes is Windows XP en Pentium 4 en dan natuurlik 'n Broadband konneksie met die Internet. Ek kon die program aflaai en laat werk met Windows 2000 en 'n Pentium 4 rekenaar. Ons is op 'n LAN so ek weet nie wat die spoed is nie. Van my kollegas met 'n Pentium 3 kon dit nie aflaai nie.

Hoe werk dit

Die foto's van die aarde is volgens Google die afgelope drie jaar geneem deur satelliete en vliegtuie en dit word op 'n roterende basis bygewerk. Ek het natuurlik my eie huis opgesoek en uit die blink dak kon ek aflei dat die foto's van Kaapstad iewers in Mei 2004 geneem is. (Ek het juis in Mei verlede jaar nuwe dakplate laat opsit en die foto's moes geneem gewees het voordat die dak gevef is.) Die lang skaduwees voor my huis was ook 'n aanduiding dat dit winter was. Voor die Biblioteekdiensgebou was daar net 'n groot gat en dit was seker net voordat hulle verlede jaar (April/Mei) begin het om die gebou wat deesdae ons uitsig versper, op te rig.

Verlede Sondag het ons en die honde gaan stap op die strand, 'n kusgebied tussen Strandfontein en Muizenberg. Daar was 'n riviermonding en die honde (daar is vier van hulle) het lekker in die monding gebaljaar. Die aand word die een hond bietjie olik en ek vermoed dat die water effens besoedel was. Met behulp van Google Earth kon ek toe presies vasstel waar die water vandaan kom.

Die spreukwoord, 'Soos die kraai vlieg', word nou bewaarheid. Met dié dat ek presies kon vasstel waar my huis en ook my werkplek is, kon ek met behulp van Google Earth 'n reguit lyn trek van huis na werk. En soos die kraai dan ook vlieg, bly ek



Kaapstad soos dit op Google Earth te siene is

presies 9.75 kilometer van die werk. Ek het voorheen vermoed die reguit lyn na my huis gaan oor Tafelberg, maar nee, dis eintlik oor Duiwelspiek. En nog 'n brokkie nuttelose inligting, ek moet elke oggend 0.3 kilometer van my huis na die stasie loop.

Om 'n spesifieke plek te soek is nie moeilik nie. Tik net die naam in van die dorp en die land en opstyg en landing by jou bestemming is binne sekondes. Die kort metode is om, byvoorbeeld, sleutelwoorde, 'Graaff-Reinet South Africa' in te tik en die juweeltjie van die Karoo met sy kenmerkende hoefystervorm draai gou in sig. Ek het Google Earth getoets met kleiner dorpe soos 'Aberdeen South Africa', maar oeps, toe vlieg ek Skotland toe! 'n Ander metode is om die spesifieke lengte- en breedtegrade in te voer. Dit kan mens maklik kry deur, byvoorbeeld, net die sleutelwoorde 'Aberdeen South Africa Latitude' in te tik by *google.com*. Nog 'n metode is om 'blind' te vlieg, maar dan moet jy darem bakens hê wat jy uit die lug uit kan herken. So kon ek gou-gou my ouerhuis in Pretoria opspoor. Baie plekke op Google Earth is vooraf benaam, so ek het maar so oos-oos van Pretoria gekorrel, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) gekry en van daar af gou na Meyerspark gevlieg en dan al op van die Meyersparkse Laerskool tot by Roosstraat 223, tot ek bo-op my pa se boomryke tuin tot stilstand gekom het. Soos ek gevlieg het, gee Google die hele tyd koördinate en nog 'n brokkie nuttelose inligting: Ek het my grootwordjare deurgebring by 25°44'39.11 S en 28°18'59.20 E.

By jou bestemming aangekom, en as jy nie jou plek weer wil verloor nie, kan jy dit merk deur die 'placement' opsie. Die lugfoto kan jy dan ook vir iemand e-pos en as die ontvanger ook Google Earth op sy rekenaar het, word die e-pos oopgemaak in Google Earth. Diegene sonder Google Earth ontvang 'n jpeg lêer.

Foto's

Oor wanneer foto's geneem is en oor die duidelikheid/onduidelikheid daarvan, verskaf Google die volgende antwoorde. Alle foto's is die afgelope drie jaar deur satelliete en vliegtuie geneem. Die foto's word voortdurend bygewerk. So, dit is belangrik om te onthou dat die foto's nie in 'real time' geneem word nie. Jy kan nie (nog nie) by die werk sit en 'spy' wat by jou huis aangaan nie. Die meeste foto's is nog in medium resoluusie formaat, so baie plekke in, byvoorbeeld, Suid-Afrika, veral die platteland, is effens uit fokus. Google belowe egter dat meer hoë resoluusie foto's op pad is.



Hoofkantoor vanuit die lug

Google doen moeite om nuuswaardige gebeure te dek. So het hulle dan baie gou foto's van Orkaan Katrina se verwoesting op die stelsel geplaas en rampslagoffers kon dus sien hoe hulle wonings verspoel het. Voor en na foto's wys duidelik hoe erg die rampskade was.

Google Earth het baie gevorderde funksies en dit is ook, onder andere, moontlik om Global Positioning Systems (GPS) met Google Earth te gebruik. 'n Mens kan jou net indink wat die kommersiële waarde van Google Earth kan wees.

Ander gebruike

Volgens Google kan Google Earth ook vir die volgende aangewend word:

- 🌐 **Eiendomsagente:** Voornemende kopers kan eiendomme uit die lug beskou en sommer dadelik sien waar die eiendom geleë is en hoe naby of hoe ver dit is van skole, hospitale, inkopiesentrums, ensovoorts.
- 🌐 **Argitekte en ingenieurs:** 'n Oombliklike en duidelike interpretasie van die voorgestelde bousterrein is beskikbaar. Die afmetings van 'n bouperseel, asook die dimensie van omliggende persele kan vinnig bepaal word. Argitekte en ingenieurs kan hulle eie data in Google Earth invoer en 'n natuurlike perspektief kry van hoe die nuwe projek in die omgewing gaan inpas. Voornemende kliënte kan ook maklik beïndruk word as hulle 'n visuele voorstelling van 'n projek sien.
- 🌐 **Versekeringsbedryf:** Is 'n residensiële omgewing naby aan 'n aardbewingsgordel? Wat sal gebeur as 'n plek oorstrom?

- 🌐 **Media:** Die plaaslike perspektief is 'n belangrike element in enige storie en deur Google Earth te gebruik kan uitsaaiers en uitgewers op enige plek in die wêreld infokus, en dit binne 'n paar sekondes.
- 🌐 **Provinsiale en plaaslike regerings:** Noodlenigingsinstansies kan hulle maklik vertrou maak met 'n area, selfs as dit verafgeleë en onherbergsaam is. Sonerings- en beplanningsafdelings kan 'n voorgestelde ontwikkeling gerieflik bekijk. Ekonomiese ontwikkeling en plaaslike sakekamers kan Google Earth se unieke oplossings gebruik as 'n bemerkingshulpmiddel. Openbare biblioteke kan aan lede van die publiek toegang verskaf tot hulle omgewing vanuit 'n nuwe perspektief.
- 🌐 **Verdediging en intelligensie:** Beplanning van operasies, opleiding en simulasies. Veldpersoneel en toerusting kan waargeneem word. (Die nadeel van Google Earth is natuurlik dat vriend en vyand mekaar lekker kan dophou.)
- 🌐 **Sekuriteit:** Google Earth integreer met GPS en Radio Frequency Identification, draadlose tegnologie - wat elektroniese tags gebruik (RFID) en dan kan 'n mens dus duidelik sien waar 'n kosbare vrag is en ook waar 'n gesteelde voertuig weggesteek is (onder 'n brug, in 'n garage).

Google Earth is seker van die mees fassinerende rekenaarsagteware wat ek nog ooit gesien het. En ek dink dit is 'n MOET vir enige biblioteek met Internettoegang vir die publiek om dit beskikbaar te stel.